# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120

Omsendbrief 15 van 2023

18 Mei 2023

Geagte Ouers

**1. <u>DAGROOSTER: 22 - 26 Mei 2023</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 1 |
| Dinsdag | - | Dag 2 |
| Woensdag | - | Dag 3 |
| Donderdag | - | Dag 4 |
| Vrydag | - | Dag 5 |

2. **<u>PA-EN SEUNAAND</u>**
Bogenoemde geleentheid sal op Vrydag, 19 Mei vanaf 17:30 op die A-veld plaasvind. Alle pa's en seuns word uitgenooi na hierdie besondere dag. Bring jou eie vleis, eetgerei en drinkgoed saam. Pap en sous word voorsien. Pappas wat net dogters het is ook welkom, maar die dogters moet asseblief tuis bly. Bring asseblief sambrele saam ingeval dit reën.

3. **<u>RUGBY EN NETBAL</u>**
Sterkte aan al ons spanne wat aan die volgende wedstryde gaan deelneem:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Woensdag | 24 Mei 2023 | Laerskool Nelspruit | Tuis |

Betrokke leerlinge sal briewe met die nodige inligting ontvang.

4. **<u>GRAAD 2 ENTREPRENEURSDAG</u>**
Dit vind plaas op Vrydag, 26 Mei. Bring al jou sakgeld saam. Daar gaan heerlike eetgoed en speletjies wees. Kom geniet die dag saam met ons.

5. **<u>MINI-SPORT</u>**
Baie sterkte aan ons Mini-Rugby en Netbalspanne wat op Saterdag, 20 Mei by Laerskool Nelspruit hulle laaste wedstryd vir die jaar speel. Betrokke leerlinge het reeds die nodige inligting ontvang.

6. **<u>LANDLYNE</u>**
Ons ondervind tans probleme met ons Telkom-landlyne. Die enigste nommer wat werk is 013-235 2138. Wees asseblief geduldig as u die skool skakel.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**

